

SKOOL- EN SPORTDRAG

SKOOLDRAG:

Leweransier: “Die Kleretrommel” by die skool

- (a) **Seuns:**
- | | | |
|--------|---|--|
| Skoene | : | Swart |
| Kouse | : | Grys met skoolkleure ingeweef |
| Broek | : | Grys kortbroek in die somer en
Grys langbroek in die winter |
| Hemp | : | Wit |
| Das | : | Maroen |
| Trui | : | Maroen met skoolkleure |
| Drymac | : | Maroen warm baadjie / skoolbaadjie |
- (b) **Dogters:**
- | | | |
|------------------|---|---|
| Skoene | : | Swart skoolskoene |
| Kouse | : | Kort wit kouse in die somer,
Lang grys kouse in die winter |
| Rok | : | Maroen rok met geel kraag
Geen lang “tights” saam met skoolrok |
| Trui | : | Maroen met skoolkleure of
Moulose trui met skoolkleure |
| Broek | : | Grys/maroen langbroek |
| Hemp | : | Wit hemp en das |
| Haarlinte | : | Maroen, Geel of Blou |
| Serpe/handskoene | : | Maroen |
| Oorkrabbertjies | : | Knoppies/ringetjies – goud/silver |
| Horlosies | : | Geen horlosies met juwele |
| Armbande | : | Slegs mediese armbande |
- (c) **Verlore items:**
In mandjie in portaal of ruilwinkel

SPORTDRAG:

Atletiek en Landloop:

Voorgeskrewe atletiekdrag

Netbal:

Maroen romp en geel T-hemp moet aangekoop word. Alternatiewelik kan die romp gehuur word teen R30 per seisoen, dit sluit die was en styk daarvan in.

Rugby:

Eerste span - blou rugbybroek en geel trui moet aangekoop word

Ander spanne:

Wit rugbybroek en maroen trui moet aangekoop word

Alternatiewelik kan die trui gehuur word teen R30 per seisoen, dit sluit die was en stryk daarvan in.

Krieket:

Wit rugbybroek en wit T-Hemp en kouse

Tennis:

Dogters - Maroen romp en geel T-Hemp

Seuns - Blou rugbybroek en geel T-Hemp

* **Deelname aan enige van bg. Sportsoorte vereis die voorgeskrewe drag!**

Daar word ‘n deelnemersfooie gevra vir sportaktiwiteite

KULTUURDRAG:

Seniorkoor – rompie en v-nek koortrui moet aangekoop word – R30 huurgelde betaalbaar

PERSOONLIKE VOORKOMS:

Van ons leerlinge word verwag om elke dag in volle skooldrag gekleed te wees. Skool sal bepaal wanneer oorgeskakel word vanaf somerdrag na wintersdrag.

SEUNS:

Hare behoort kort te wees. Geen vreemde en uitspattige haarstyle (bv Steps) word toegelaat nie.

Geen juwele behalwe horlosies word toegelaat nie.

DOGTERS:

Lang hare moet vasgebind word

GEEN naellak word toegelaat nie!

Ringe, armbande en ander juwele mag nie gedra word nie

Slegs klein ooringe en klein knoppie oorkrabbertjies van goud of silwer word toegelaat. Slegs een paar oorkrabbertjies per leerling toegelaat.

HARE SEUNS EN DOGTERS:

Die kleur van hare is ontoelaatbaar en onaanvaarbaar. ‘n Leerling sal skooltoegang geweier word totdat die haarkleur teruggekleur is na “normaal”

PERSOONLIKE GEDRAG:

Ons is trots op ons skool en ons leerlinge en daarom wil ons hê dat elke leerling waar hy of sy mag wees, se gedrag onberispelik sal wees.